Downloaded from Stanmorephysics.com

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël na ELKE antwoord oop.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com



## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**_DIE BRUG_ SE AVRIL ALBETTI: VAN PLAASMEISIE TOT TIKTOK- EN TV-STER**



1 Dis oukei as jou dorpie Loerie, in die Oos-Kaap, nét twee strate het. Dan loop jy daardie strate plat. Jy stop nie. Jy loop verder die lewe in – al is jy bang – dan skep jy vir jou die wêreld wat jy wil hê. Só sê Albetti (38).

2 Sy dra altyd die beste: Gucci, Chanel, noem op. En "antie Avril" se sêgoed laat haar 112 600 volgelinge lag, soveel só dat sy met 5,9 miljoen *likes* op haar video's spog.

3 Mense verkyk hulle aan die fyngeboude, modelmooi ma wat die Onse Vader in Italiaans kan bid en nou aan kykNET se nuwe realiteitsprogram, *Die Brug,* deelneem.

4 Deelnemers moet letterlik 'n brug bou om by die R1-miljoen in die middel van 'n dam uit te kom. Hiermee wil sy in Loerie iets vir die jongmense as 'n simbool van hoop bou, want in Loerie is absoluut niks nie.

5 Avril het by haar ouma, Maria van Gent, op Loerie, grootgeword omdat haar ma, Julia Mama (63), in Johannesburg moes werk. Sy het haar pa nooit geken nie.

6 "My ouma was my grootste rolmodel," sê Avril. "Dis sy wat my drome losgemaak het." Avril het aan alles wat sy kon, deelgeneem. Sy het ook aan die Congregational Kerk in Loerie behoort waar haar ouma 'n predikant was.

7 "My ouma was 'n regte 'Hollandse vrou'. Sy is al oorlede; tog is ek geseënd, want ek voel haar elke dag. Sy was die *Mother Theresa* van ons woonbuurt. Elke aand het sy 'n ekstra bord geskep, want jy weet nooit wie kom wat honger is nie. Sy't vir my gesê om nooit op te hou droom nie, maar ek moet oppas wat ek met my groot mond sê!"

8 Avril was nege toe die sangeres Amor Vittone haar in Jeffreysbaai gesien het. Amor het haar net één kyk gegee en haar toe aanbeveel om na 'n modelskool te gaan. Sy's toe ingeskryf en vier jaar later het sy verhuis om by 'n modelhuis in Norwood, Johannesburg, te gaan werk. Haar wêreldreise het daarna begin.

9 "Ek bid nog altyd. Daar is sekere goed waarmee jy nooit ophou nie, al gaan jy New York, Milaan of Parys toe. Aan die Here het ek vasgehou – stééds," sê Avril.

Downloaded from Stanmorephysics.com


10 Sy vertel dat dit broekskeur in haar kinderjare gegaan het. Hulle belangrikste skoene was Krismisskoene wat hul nét Kersfees en Sondagskool toe aangetrek het. As kind het sy haar eie hoëhakskoene van Coca-Colablikkies gemaak. Sy het die blikkie ŉ bietjie gebuig en kleeflint daarom gedraai. Haar handsakke was Omo-bokse met sykouse as handvatsels. Nou het Avril mooi dinge, maar dis alles aardse goed volgens haar.

11 Avril voel dat jy in jouself en in God moet glo; jy moenie bang wees om nuwe of moeilike dinge te probeer nie. Sy sê altyd vir mense om nie struikelblokke as die einde te sien nie. Daar was tye dat hulle ander meisies bo haar gekies het, maar sy het net weer probeer en harder gewerk.

12 Sy is al 17 jaar lank dolgelukkig met Aris, ŉ 39-jarige Italianer (39) getroud. Hulle het twee seuns, Adriano (8) en Armando (4).

13 Hy het Avril deur vriende aanlyn ontmoet terwyl sy in Londen gebly het. Aris, ook ŉ model, raak toe op haar verlief voordat hy haar ontmoet het. Sy dog dié mal man is ŉ *stalker* en het hom summier geblok. Maar ŉ jaar later was hy Kaapstad toe vir ŉ fotosessie en het sy hom toe in Sandton City ontmoet. Die liefde het dadelik geblom. Hulle is na ŉ paar maande getroud, maar het tien jaar gewag voordat hulle kinders gehad het.

14 Terug in Suid-Afrika het sy haar modelagentskap begin. Aris besit die sokker-akademie, Socca Dream, waardeur hy sokkertalent hier en in Italië ontwikkel.



15 Sy noem dat haar ouma wit en haar oupa swart was. Haar ouma het gesê hulle is nie wit óf bruin óf swart nie: hulle is *African* en dat hulle enige iets kan bereik waarop hulle hul harte sit. Sy sien nie kleur nie, en wil meer vir die jeug doen. Sy inspireer jong meisies met haar rol in *Die Brug*, want as "antie Avril" dit kan doen, kan hulle ook.

16 "As iemand nie vir jou ŉ deur oopmaak nie, bid, en dan trap jy self daardie deur oop!"

[Verwerk uit *Kuier*, 23 November 2023]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 In watter dorpie in die Oos-Kaap het Avril grootgeword? (1)

1.2 Watter tipe klere dra Avril? (1)

1.3 Watter woord in paragraaf 1 sê dat Avril baie in die dorpie se strate geloop het? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.4 Avril se sêgoed is baie ernstig.

Motiveer in ŉ volsin waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.5 Wat beteken dit dat jy nie in die dorp se strate stop nie, en dat jy verder die lewe moet inloop? (paragraaf 1) (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer 1.6 en die antwoord neer.

Die woorde volgelinge en *likes* verwys na (kykNET/TikTok). (1)

1.7 Indien Avril sou wen, wat beplan sy om met die wengeld te doen? (1)

1.8 Hoekom het Avril by haar ouma gebly? (1)

1.9 Haal EEN WOORD uit paragraaf 6 aan wat dieselfde beteken as "ŉ persoon wat iemand as ŉ voorbeeld beskou om te volg". (1)

1.10 Waar was die modelskool geleë wat Avril in Johannesburg bygewoon het? (1)

1.11 Waaruit lei ons af dat Avril se nuwe lewe in Johannesburg na iets groter gelei het? (1)

1.12 Noem die EEN ding wat Avril altyd in haar lewe behou. (1)

1.13 Avril vertel dat dit **broekskeur** in haar kinderjare **gegaan** het. (paragraaf 10)

Sê hoe word die vetgedrukte woorde hierbo figuurlik bedoel. (1)

1.14 Kies die korrekte antwoord uit KOLOM B wat by die naam in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.14.1 tot 1.14.4 neer), byvoorbeeld 1.14.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.14.1 | Maria van Gent | A | Was diensbaar in baie gemeenskappe in die wêreld |
| 1.14.2 | Amor Vittone | B | Deel haar passie vir modelwerk |
| 1.14.3 | *Mother Theresa* | C | Was ŉ konstante inspirasie in haar lewe |
| 1.14.4 | Aris | D | Het haar talent ontdek |
| | | E | Het nooit ophou droom nie |

(4 x 1) (4)

1.15 Avril sien struikelblokke as motivering om nog harder te werk.

Stem jy saam met haar siening? Motiveer jou antwoord. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.16 Digitale platforms vir kommunikasie het voor- en nadele.

1.16.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Indien iemand jou op 'n digitale platform teister, pla of jou lewe versuur (moet jy die persoon dadelik blok/moet jy eers uitvind hoekom die persoon dit doen voor jy die persoon blok). (1)

1.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 Dink jy dit was goed dat Avril en Aris 10 jaar gewag het om kinders te hê? Motiveer jou antwoord. (1)

1.18 Watter positiewe invloed het Avril se ouma op haar loopbaan gehad? (1)

1.19 Waarom is dit goed vir 'n egpaar ('n man en vrou) om dieselfde loopbaan te hê? (1)

1.20 Kan jy met Avril identifiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TYDLYN VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE MODE**




[Bron: https://cutt.ly/dwVsaO1U]

1.21 Wanneer het vroue kort hare begin dra? (1)

1.22 Gedurende watter tydperk was die mode-ontwikkeling stil? (1)

1.23 Hoe verskil die damesdrag van 1890–1910 met dié van die 1960's–1970's? (2)

1.24 Help die prente/foto's by die teks jou om dié teks beter te verstaan? Motiveer jou antwoord. (1)

1.25 Die mode het in 1990 minimalisties geword.

Verduidelik wat hierdie stelling beteken. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Om in slegte weer te ry, is nie snaaks nie, maar hier is ŉ paar idees **oor hoe om veilig in slegte weersituasies te bestuur.**

**INSTRUKSIES**

1. Skryf SEWE WENKE oor hoe om VEILIG IN SLEGTE WEER TE BESTUUR in jou EIE VOLSINNE neer.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**WAT JY MOET DOEN OM VEILIG IN SLEGTE WEER TE BESTUUR**

Motoriste moet voorbereid wees om in slegte weer te bestuur en weet wat om in sulke weersomstandighede te doen. Hier volg ŉ paar wenke.

Wanneer dit reën en die kar gly, moet jy jou voet van die versneller afhaal asook die rem stadig trap. Dit verhoed dat die kar nie rol nie. Jy moet ook nie deur vinnig vloeiende water jaag nie. Die water kan sterk genoeg wees om ŉ vragmotor mee te sleur.

Wanneer die wind sterk waai en jy op ŉ snelweg ry, dink voor jy ŉ groot vragmotor verbysteek. Die skielike windstilte langs die vragmotor kan veroorsaak dat jy beheer oor jou kar verloor. Mis kan dieselfde gevare inhou as sterk reën. Skakel jou kar se hoofligte aan, maar hou hulle gedomp; indien jou kar misligte het, skakel hulle eerder aan.

ŉ Mens kan nie altyd skade aan ŉ pad sien nie. Dit is veral wanneer dit baie gereën het en die slaggate vol water is. Ry daarom stadig as jy nie die pad ken nie. Die kanse dat jou kar sal seerkry indien jy ŉ slaggat hard tref, is goed. Indien jy voel dat iets fout is, skakel jou noodflikkerligte aan en trek van die pad af sodra dit veilig is.

Baie motoriste wil vroegoggend uit Kaapstad ry en later die aand in Johannesburg stilhou. Hoe langer jy agter ŉ kar se stuurwiel sit, hoe moeër word jy en hoe stadiger sal jy reageer. Jy moet dus gereeld stop om bene te rek net om van die erge moegheid ontslae te raak.

[Verwerk en aangepas uit *Weg*, Februarie–Maart 2024]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




[Eie teks]

3.1 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.2 "Laat jou eie besigheid vinnig groei!!

Noem EEN tegniek wat in die advertensie gebruik word om die bostaande sin te beklemtoon. (1)

3.3 Waarom is die gebruik van die blommetjie so effektief? (1)

3.4 Die prentjie van die geld in die advertensie is funksioneel.

Motiveer hierdie stelling. (1)

3.5 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies in die onderstaande sin.

Laat jou eie besigheid (vinnig) groei. (1)

3.6 Wat dink jy is die funksie van die ALLITERASIE in die volgende gedeelte?

Studente, die sleutels tot sukses is: (1)

3.7 Hoekom is die gebruik van die sleutel-ikoon beter as om net gewone kolpunte te gebruik? (1)

3.8 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

(Digitaal) bemarking (1)

3.9 Noem TWEE moontlike redes waarom mense versigtig sal wees om op hierdie advertensie te reageer. (2)


**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk en aangepas https://cutt.ly/9wVIoFdO]

4.1 Andy se emosies verskil in RAAMPIE 1 en RAAMPIE 5.

Watter emosies, dink jy, ervaar hy onderskeidelik in RAAMPIE 1 en in RAAMPIE 5? (2)

4.2 Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE. Gebruik **dat** in jou antwoord.

Andy sê vir Flo: "Ek is by die huis."

**Begin so:** Andy sê vir Flo dat … (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.3 Kyk na RAAMPIE 2.

4.3.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.3.1) neer.

Flo se woorde verskil van haar gesigsuitdrukking en liggaamshouding.

Haar **gesigsuitdrukking** en **liggaamshouding** wys dat sy … is.

A sarkasties
B entoesiasties
C kwaad
D teleurgesteld (1)

4.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.3.1 deur na beide haar gesigsuitdrukking en liggaamshouding te verwys. (2)

4.4 Skryf die sin hieronder in die VERLEDE TYD.

Wel, ek het baie wasgoed. (1)

4.5 Hoekom is daar ŉ ellips na Andy se woorde in RAAMPIE 4? (1)

4.6 Noem EEN visuele teken (RAAMPIE 4) wat aandui dat Flo die deur in Andy se gesig toeklap. (1)

4.7 Kyk na RAAMPIE 3 en RAAMPIE 4.

Motiveer hoekom jy dink Flo nie vir Andy wil terugvat nie. (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

## TEKS F: ARTIKEL

**JAKKALS EN WOLF SE BEWIND**

1 In ŉ woud het ŉ slim jakkals en ŉ magtige wolf hul gebied gedeel. Jakkals, vol (5.1.1) (skelm/skelem) planne, het Wolf oortuig om saam met hom te werk om oor die ander (5.1.2) (bos + diere) te regeer. Wolf het na Jakkals geluister.

2 Vir ŉ tyd het dit goed gegaan, maar teen (5.1.3) (November) het die ander diere opstandig begin word. (5.1.4) (Die klein diere het in die geheim planne teen Jakkals en Wolf gemaak.)

3 (5.1.5) (Die dag van die opstand het aangebreek. Die diere het hul moed bymekaar geskraap.) Jakkals en Wolf wat baie (5.1.6) (arrogant) was, het nie besef wat gaan gebeur nie. Hulle het (5.1.7) (onrustig) onder ŉ boom gelê en slaap.

4 Die diere het ŉ aanval op die huis (5.1.8) (…) Jakkals en Wolf geloods. (5.1.9) Baie diere het Jakkals en Wolf aangeval. Wolf het dapper baklei, maar die slim jakkals het besef dat tye verander het en het hom nie moeg gemaak om te baklei nie.

5 Uiteindelik is die mag van Jakkals en Wolf gebreek en hulle moes die aftog (5.1.10) (blaas). Hulle het toe besef dat ware (5.1.12) (leier) nie vrees afdwing nie, maar hul onderdane met respek moet hanteer.

6 (5.1.13) Die diere het (saggies) (in die bos) (die aand) feesgevier. Jakkals en Wolf het toe ŉ nuwe pad met respek vir ander diere begin stap.

[Verwerk uit mondelingse oorlewering soos in 1960 deur Lia Dube vertel.]

5.1.1 Kies die KORREKTE WOORD uit die woorde tussen hakies.

Jakkals het baie (skelm/skelem) planne. (1)

5.1.2 Gee die SAMESTELLING vir die woorde tussen hakies.

Jakkals het Wolf oortuig om saam met hom te werk om oor die ander (bos + diere) te regeer. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.1.3 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Vir 'n tyd het dit goed gegaan, maar teen (November) het die ander diere opstandig begin word. (1)

5.1.4 Identifiseer die GESEGDE in die volgende sin.

Die klein diere het in die geheim planne teen Jakkals en Wolf gemaak. (1)

5.1.5 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies en plaas die komma op die korrekte plek.

Die dag van die opstand het aangebreek. Die diere het hul moed bymekaar geskraap. (toe)

**Begin so:** Toe die dag … (2)

5.1.6 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Jakkals en Wolf wat baie (arrogant) was, het nie besef wat gaan gebeur nie. (1)

5.1.7 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Hulle het (onrustig) onder 'n boom gelê en slaap. (1)

5.1.8 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Die diere het 'n aanval op die huis … Jakkals en Wolf geloods. (1)

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Baie diere het Jakkals en Wolf aangeval. (1)

5.1.10 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Uiteindelik is die mag van Jakkals en Wolf gebreek en hulle moes die aftog (blaas). (1)

5.1.11 Lees weer paragrawe 3–5.

Skryf 'n woord neer wat DIESELFDE BETEKENIS het as: **geweet**. (1)

5.1.12 Gee die korrekte MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Hulle het besef dat ware (leier) nie vrees afdwing nie. (1)

5.1.13 Skryf die HELE sin hieronder in die korrekte WOORDORDE.


Die diere het (saggies) (in die bos) (die aand) feesgevier. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 5.2**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Bron: https://cutt.ly/QwVPZmRY]

5.2.1 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin.

Sociale media word met angs en depressie verbind. (1)

5.2.2 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Die meisie lê met haar skoene op die bed. (1)

5.2.3 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies in die volgende sin.

Baie tieners spandeer (in die aand) baie tyd op hul selfone. (1)

5.2.4 Skryf die sin oor en begin soos aangedui.

Die meisie lê elke dag op haar bed.

**Begin so:** Elke dag … (1)

5.2.5 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Die meisie lê elke dag op haar bed (speel met haar foon). (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.2.6 Skryf die GETAL tussen hakies as ŉ woord.

Die meisie het (80) kontakte op haar foon. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na. Sien eers horisontaal en dan vertikaal na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

## VRAAG 1

**TEKS A:** ***DIE BRUG* SE AVRIL ALBETTI: VAN PLAASMEISIE TOT TIKTOK- EN TV-STER** [Verwerk uit *Kuier,* 23 November 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Loerie | 1 | 1 |
| 1.2 | • Die beste<br>• Gucci en Chanel<br>• Ontwerpersklere<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 1 | 1 |
| 1.3 | "plat"<br>Plat<br>(*WAT: Platloop (loop iets plat) Op so 'n manier loop dat iets deeglik deurkruis of verken word.* | 1 | 2 |
| 1.4 | • Die mense/volgelinge lag vir haar sêgoed/wat sy sê.<br>• Haar ondersteuners lag vir haar sêgoed/wat sy sê.<br>*(Die woord **lag** as antwoord sal nie aanvaar word nie aangesien hulle in 'n **volsin** moet motiveer.)* | 1 | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5 | • Jy gaan verder in die lewe/begin 'n nuwe lewe op 'n ander plek.<br>• Jy soek iets groters en meer as in jou dorpie.<br>• Jy skep 'n nuwe toekoms vir jouself.<br>• Jy skep 'n ander wêreld as waar jy vandaan kom.<br>*(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.6 | TikTok | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.7 | • Sy wil die R1-miljoen/geld in die Loeriegemeenskap terugploeg.<br>• Sy wil die R1-miljoen/geld vir die Loerie-mense wen.<br>• Sy wil iets vir die jongmense in Loerie bou.<br>• Sy wil iets vir die kinders gee as simbool van hoop.<br>(***Sy wil R1-miljoen wen*** as antwoord gee nie 'n rede wat sy daarmee wil maak/ bereik nie.) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.8 | Haar ma het in Johannesburg gewerk. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.9 | rolmodel | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.10 | Norwood | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.11 | • Haar wêreldreise het net hierna begin.<br>• Sy het oorsee gegaan.<br>• Sy het 'n bekende figuur in die modelwêreld geword. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.12 | • Bid<br>• Vashou aan die Here/Geloof in God | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.13 | Dit gaan swaar/moeilik/geen geld/min geld/arm. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.14 | 1.14.1 C – Was 'n konstante inspirasie in haar lewe | 1 | 3 |
| | 1.14.2 D – Het haar talent ontdek | 1 | 3 |
| | 1.14.3 A – Was diensbaar in baie gemeenskappe in die wêreld | 1 | 3 |
| | 1.14.4 B – Deel haar passie vir modelwerk | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.15 | Ja.<br>Struikelblokke is deel van die lewe en as jy elke keer tou opgooi wanneer jy struikelblokke teëkom, sal jy niks bereik nie./ As jy struikelblokke as motivering sien om harder te werk, sal jy uiteindelik sukses behaal.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Daar is sekere struikelblokke wat onmoontlik is om te oorkom; dit maak nie saak hoe hard jy werk nie./Sekere struikelblokke sal mense se moed breek en hul ontmoedig om hard te werk.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.16 | 1.16.1 | moet jy die persoon dadelik blok | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 1.16.2 | • Dit is belangrik om jou eie veiligheid en welstand eerste te stel/te beskerm.<br>• Deur die persoon te blok, stel jy duidelike grense en maak dit vir hulle moeiliker om jou te kontak en jou lewe binne te dring.<br>• Die persoon kan ernstige emosionele skade veroorsaak deur jou voortdurend te kontak, dreigemente te maak of jou persoonlike ruimte te betree.<br>*(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 4 |
| | | | | |
| 1.17 | Ja.<br>• Sodat hulle hul onderskeie agentskappe kon ontwikkel.<br>• Sodat hulle hulself in hul onderskeie velde kon vestig.<br>• Om genoeg geld te kry om kinders te kan bekostig.<br>• Hulle het tyd gehad om hulle eie verhouding te verdiep.<br>• Hulle moes emosioneel volwasse/gereed wees.<br><br>Nee.<br>• Vroue se vrugbaarheid neem met die ouderdom af.<br>• As ouers lank wag om kinders te hê, het hulle minder energie vir die eise van ouerskap.<br>• Dit is nie altyd vir ŉ ouer moontlik om op dieselfde vlak aan aktiwiteite te kan deelneem of betrokke te kan wees by die lewens van sy kinders soos 'n jonger ouer dit sou kon doen nie.<br>• Jonger ouers kan kinders makliker verstaan met ŉ kleiner generasiegaping wat tussen ouers en kinders kan bestaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | | 1 | 4 |
| | | | | |
| 1.18 | • Haar ouma het vir haar gesê dat sy enige iets kan doen.<br>• Haar ouma het vir haar gesê dat sy nie moet ophou droom nie. | | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.19 | • Hulle het ŉ dieper begrip van mekaar se loopbaanuitdagings en -ervarings./Hulle verstaan mekaar beter.<br>• Ouers kan ŉ beter balans vind tussen hul loopbaanverpligtinge en gesinslewe (omdat hulle ŉ beter begrip van mekaar se werk het).<br>• Dit kan lei tot inspirerende gesprekke en ŉ positiewe invloed op hul kinders (se idee van werk- en loopbaanontwikkeling).<br>• Dit kan moontlik groter finansiële stabiliteit gee (deur ŉ hoër gesinsinkomste of gesamentlike voordele).<br>• Hulle kan ook saamwerk by hul werksplek./Dieselfde werk kan tot ŉ beter professionele verhouding lei.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | | 1 | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.20 | Ja.<br>• Ek doen ook modelwerk.<br>• Ek kom ook van ʼn klein dorpie.<br>• Ek word ook deur my ouma grootgemaak.<br>• Ek het ook nooit my pa geken nie.<br>• My ma werk ook weg van die huis.<br>• Ek kom uit ʼn arm huis.<br>• Ek het ook drome.<br>• Struikelblokke laat my ook harder werk.<br>• Ek glo ook ek kan enigiets bereik as ek hard werk.<br>• Ek sien ook nie kleur raak nie.<br><br>Nee.<br>• Ek is nie ʼn meisie nie.<br>• Ek kom nie van ʼn klein dorpie af nie.<br>• Ek het nog nooit oorsee gereis nie.<br>• Ek word nie deur my ouma grootgemaak nie.<br>• Ek is nie ryk soos sy nie.<br>*(Of soortgelyke logiese antwoorde binne konteks.)* | 1 | 5 |
| | | | |
| **TEKS B: TYDLYN VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE MODE**<br>[Verwerk uit https://cutt.ly/dwVsaO1U] | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.21 | Van 1910 tot in die 1920's. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.22 | 1950–1960's | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.23 | Van 1890–1910 het hulle lang rokke gedra.<br>Van 1960–1970's het hulle kort rokkies/minirokke begin dra. | 2 | 2 |
| | | | |
| 1.24 | Ja.<br>Ek kan visueel sien hoe die modes oor die jare gelyk en verander het.<br><br>Nee.<br>Ek het ʼn goeie kennis van die verskillende eras in modes en het nie prente nodig om te verstaan nie.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.25 | • Alles moet vinnig en maklik en min wees./Eenvoudig wees.<br>• Die fokus is op essensiële items.<br>• Om kledingstukke te kies wat eenvoudig, tydloos en funksioneel is.<br>• Minimalistiese kledingstukke word dikwels gevind in neutrale kleure soos wit, swart, grys, beige en marineblou.<br>• Minimalistiese kleding het gewoonlik skoon, reguit lyne en 'n eenvoudige snit.<br>• Minimaliste kies dikwels 'n beperkte aantal kledingstukke (wat maklik met mekaar gekombineer kan word).<br>• Minimalistiese kleredragstyl sluit gewoonlik min bykomstighede/versierings in.<br>• Minimalistiese kleredragstyl is om 'n stylvolle en tydlose voorkoms te skep.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 | 3 |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die **feit nog sin maak** om die punt te verdien).
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

**Verduideliking:**

Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar 1 daarvan is ŉ direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir hierdie opsomming.

- Indien 2 direkte aanhalings of meer gegee is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel dan by volgende kategorie.

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  (Direkte aanhaling: Wanneer ŉ hele sin **of** die kerngedagte **of** die grootste gedeelte van die sin woord-vir-woord volgens die vraestel is)
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

**Verduideliking:**

Indien die kandidaat net 1 korrekte feit het en dit is ŉ direkte aanhaling, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2**

**TEKS C: WAT JY MOET DOEN OM VEILIG IN SLEGTE WEER TE BESTUUR**
[Verwerk en aangepas uit *Weg*, Februarie–Maart 2024]

| **DIREKTE AANHALING** | | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| Wanneer dit reën en die **kar gly**, **moet jy jou voet van die versneller afhaal asook die rem stadig trap**. Dit verhoed dat die kar nie rol nie. **Jy moet ook nie deur vinnig vloeiende water jaag nie.** Die water kan sterk genoeg wees om 'n vragmotor mee te sleur. | 1<br>2 | Jy moet jou voet van die versneller afhaal as die kar **gly**./Jy moet **die rem** stadig trap wanneer jou kar **gly**.<br>Moenie deur vinnig vloeiende **water jaag** nie. |
| | | |
| **Wanneer die wind sterk waai en jy op 'n snelweg ry, dink voor jy 'n groot vragmotor verbysteek**. Die skielike windstilte langs die vragmotor kan veroorsaak dat jy beheer oor jou kar verloor. Mis kan dieselfde gevare inhou as sterk reën. **Skakel jou kar se hoofligte aan**, maar hou hulle gedomp; **indien jou kar misligte het, skakel hulle eerder aan**. | 3<br>4 | Moenie 'n vragmotor in sterk wind **op die snelweg** verbysteek nie.<br>In **mis** moet jy jou kar se hoofligte aanskakel./Hou die kar se hoofligte in **mistoestande** gedomp./Skakel **misligte** aan indien die kar dit het. |
| | | |
| 'n Mens kan nie altyd skade aan 'n pad sien nie. Dit is veral wanneer dit baie gereën het en die slaggate vol water is. **Ry daarom stadig as jy nie die pad ken nie.** Die kanse dat jou kar sal seerkry indien jy 'n slaggat hard tref, is goed. Indien jy voel dat **iets fout** is, **skakel jou noodflikkerligte aan** en **trek van die pad af sodra dit veilig is.** | 5<br>6 | Ry stadig as die pad onbekend is.<br>Skakel **noodflikkerligte** aan indien jy 'n slaggat tref en **skade** het./**Trek** van die pad **af** indien jy 'n slaggat tref en **skade** het./Indien **iets fout** met die kar is, skakel die **noodflikkerligte** aan. |
| | | |
| Baie motoriste wil vroegoggend uit Kaapstad ry en later die aand in Johannesburg stilhou. Hoe langer jy agter 'n kar se stuurwiel sit, hoe moeër word jy en hoe stadiger sal jy reageer. **Jy moet dus gereeld stop om bene te rek** net om van die erge moegheid ontslae te raak. | 7 | **Stop gereeld** om bene te rek. |
| | | (±67 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- **Spelling:**
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
  - Aanvaar fonetiese spelling van woorde waar (sp) nie as vereiste aangedui is nie. Indien die fonetiese spelling die sinsbetekenis verander, word dit nie aanvaar nie.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Eie teks]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | **Jongmense/studente** wat ’n nuwe besigheid wil begin/wat in ’n nuwe besigheid belangstel/wat ’n besigheid wil laat groei./ Mense wat hulle besighede wil laat groei. | 1 |
| | | |
| 3.2 | • Dit is in hoofletters geskryf.<br>• Dit is vetgedruk.<br>• Dit is groter geskryf (nie groot woorde nie).<br>• Gebruik van uitroeptekens (!!). | 1 |
| | | |
| 3.3 | Net soos ’n plant groei, moet die besigheid groei. | 1 |
| | | |
| 3.4 | • Besigheid gaan oor geldmaak.<br>• Dit wys dat die besigheid groter word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| | | |
| 3.5 | blitsvinnig (sp) | 1 |
| | | |
| 3.6 | • Dit maak die boodskap makliker om te onthou.<br>• Dit kan die aandag van die leser trek.<br>• Beklemtoon die allitererende woorde.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| | | |
| 3.7 | Dit word gekoppel aan die advertensie se boodskap van sleutel tot sukses./Dit gaan oor sleutels tot sukses.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 3.8 | Digitale *(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.9 | • Gebrek aan persoonlike kontak.<br>• Jy kan lank wag op terugvoer.<br>• Daar kan ŉ sekuriteitsrisiko wees.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk)* | 2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**
**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk en aangepas https://cutt.ly/9wVIoFdO]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Raampie 1 – gelukkig/opgewonde/bly/vrolik<br>Raampie 5 – hy is kwaad/teleurgesteld/ongelukkig/verward. | 2 |
| | | |
| 4.2 | Andy sê vir Flo dat **hy** by die huis **is**. | 1 |
| | | |
| 4.3.1 | C – kwaad | 1 |
| | | |
| 4.3.2 | Liggaamshouding<br>• Sy vou haar arms (arms voor haar bors).<br><br>Gesigsuitdrukking<br>• Haar mond (is getrek/vasgeklem).<br>• Haar oë (is getrek) / frons | 2 |
| | | |
| 4.4 | Wel, ek **het** baie wasgoed **gehad**. | 1 |
| | | |
| 4.5 | • Hy is nog nie klaar gepraat nie./Hy wou nog iets sê.<br>• Sy luister nie meer nie./Sy het die deur toegeklap. | 1 |
| | | |
| 4.6 | • Die strepies.<br>• Wolkies.<br>• Die woord "doef (se manier van skryf verteenwoordig klank en die fisiese toeslaan van die deur). | 1 |
| | | |
| 4.7 | Hy misbruik haar/sy moet die wasgoed was.<br>Hy maak haar kwaad. | 1 |
| | | **[10]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG 5.1<br>TEKS F: ARTIKEL | |
|---|---|

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | skelm | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.2 | bosdiere | 1 | 6 |
| | | | |
| 5.1.3 | Nov. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.4 | het gemaak | 1 | |
| | | | |
| 5.1.5 | **Toe** die dag van die opstand aangebreek **het, het** die diere hul moed bymekaar geskraap.<br>*(1 punt word toegeken vir sinskonstruksie en 1 punt word vir die plasing van die komma op die regte plek toegeken.)* | 2 | 6 |
| | | | |
| 5.1.6 | ar/ro/gant / ar-ro-gant / ar ro gant<br>*(Enige korrekte antwoord waar die verdeling duidelik is.)* | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.1.7 | rustig | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.8 | van | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.9 | Jakkals en Wolf **is deur** baie diere aangeval. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.10 | • Die verf het 'n blaas gemaak.<br>• My voet het 'n blaas.<br>• Infeksie in die blaas hê.<br>• Die skeidsregter blaas op sy fluitjie.<br>• Blaas die kers dood.<br>• Die kat blaas van woede. | 1 | 6 |
| | | | |
| 5.1.11 | besef | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.12 | leiers *(sp)* | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.13 | Die diere het **die aand saggies in die bos** feesgevier. | 1 | 3 |

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


| **VRAAG 5.2**<br>**TEKS G: PRENT**<br>[https://cutt.ly/QwVPZmRY] | |
|---|---|

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | Sosiale *(sp)* | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2.2 | Die meisie lê nie met haar skoene op die bed nie. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2.3 | saans *(sp)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2.4 | Elke dag lê die meisie op haar bed. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2.5 | Die meisie lê elke dag op haar bed **om** met haar **foon te speel**. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2.6 | tagtig *(sp)* | 1 | 1 |
| | | **[20]** | |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** | |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** | |

Kopiereg voorbehou